# GEMEENTEBULLETIN

**17 SEPTEMBER 2021**

## EREDIENSTE

**SONDAG 19 SEPTEMBER**

Eredienste word in die kerk, kapel en aanlyn aangebied en 250 persone word per erediens in die kerk en 20 persone in die kapel toegelaat. **Geen besprekings is nodig nie**. Kyk aanlyn deur www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal.

**SKRIFGEDEELTE EN TEMA VIR DIE OGGEND– EN FAMILIEDIENS**

Ester 5:1-5 | Tema: Ester

**Oggenddiens 08:30 in die kerk en aanlyn** | Ds. Visagie (Span 1)

**Meditatiewe diens 09:00 in die kapel en aanlyn** | Ds. Dietmann

**Familiediens 09:30 in die kerk en aanlyn** | Ds. Breytenbach (Span 8)

**Relevantdiens 18:00 in die kerk en aanlyn** | Ds. Ackerman

## GEBEDSBYEENKOMS VIR COVID-19

’n Spesiale gebedsgeleentheid vir die Covid-19-pandemie word vir Dinsdag 12 Oktober vanaf 18:00 tot 20:00 in die kapel beplan. Teken die datum asseblief in jou dagboek aan. Almal is welkom.

## DAGSTUKKE EN BULLETIN OP SELFOON

**Luister na die daaglikse stemboodskappe deur leraars op jou selfoon** deur ’n WhatsApp of ’n Telegramboodskap met jou *naam+van+stemboodskap* na 081 045 2428 te stuur. .

**Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggend-diens op jou selfoon deur** ’n WhatsApp of ’n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428 te stuur.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### NUWE LERAAR IS BEROEP

Ds. Johan Visser, tans leraar by die Woodlands Hill Gemeenskapskerk, Bloemfontein, is beroep as nuwe leraar van die gemeente. Hy sal vanaf 1 Februarie 2022 in die gemeente werksaam wees.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## ANNIBRAND JUNIOR

Junior kategese is Sondae vanaf 10:15 tot 11:00.

- Graad 1 tot 3 kom in die kleinsaal byeen.
- Graad 4 tot 6 kom in die ou kafeteria byeen.

## EREDIENSWERKERS

Daar bestaan 'n dringende tekort aan eredienswerkers by al die eredienste, maar veral die familiediens. Diensbeurte word geroteer en indien jy betrokke raak, sal jy ongeveer een keer per maand aan diens wees. Die familiediens word slegs tydens skoolkwartale aangebied en by dié diens kan die hele gesin (ouers en kinders) as eredienswerkers optree. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za indien jy kan help.

## KLIPHEUWELPROJEK | OMGEEBOKSE

Die jeugbediening besoek elke Donderdagmiddag die informele nedersetting in Klipheuwel, waar 'n tuiswerkondersteuningsprogram by die *Klippies Kids*-skool aangebied word. Kinders ontvang ook weekliks iets te ete by die tuiswerkhulpklasse. Tydens Augustus- en Septembermaand wil ons graag iets ekstra vir die kinders doen. Ons versoek lidmate om bokse saam te stel – vir seuns of dogters – bestaande uit die volgende produkte:

Deodorant en seep, haarsjampoe en opknapper (*conditioner*), 'n boksie kitssop, 'n pak mieliemeel, 'n boksie sojamaalvleis, sanitêre doekies, 'n folioblok, pen, potlood en uitveër. Gee bydraes, of verpakte bokse, asseblief voor 30 September by die kerkkantoor af.

## BYBELSTUDIE EN BIDUUR VIR VROUE

Vrouebybelstudie word elke Maandag om 10:00 in die kleinsaal aangebied. Skakel gerus in soos dit jou pas. Om notas oor temas wat behandel word per e-pos te ontvang, stuur asseblief jou e-posdres aan odette@stellenberg.co.za. Daar is ook Maandagoggende om 09:15, voor die Bybelstudie, 'n biduurgeleentheid vir vrouens.

### MUNISIPALE VERKIESING

In die komende munisipale verkiesing word daar vir 'n verteenwoordiger/raadslid vir die wyk sowel as 'n party gestem. Dit kan slegs gedoen word by die stemlokaal in die wyk waar u woon/geregistreer is. Die wyk se stemstasie is by die DURBANVILLE COMMUNITY CHURCH op die hoek van Bolandweg en De Keurlaan. Om te bepaal waar u tans geregistreer is, stuur jou ID Nommer na 32810.

Daar is eerskomende Saterdag en Sondag, 18 en 19 September by bg. adres geleentheid om u registrasie oor te dra na hierdie stasie.

### CHRISMAR VILLAS

Christmar Villas het tans plek in hul verswakteafdeling beskikbaar. Kontak mev. van der Westhuizen by 021 910 1250 met enige navrae.

## BYBELSKOOLKURSUS | AANLYN

**’n Geloof wat groei | 5 Sessies deur ds. Breytenbach**

Die derde kwartaal verwys na Koninkrykstyd en ’n groeifase in die kerkjaar. In die lig hiervan bied die Bybelskool ’n reeks sessies aan wat aan geloofsgroei aandag skenk. Die sessies asook handleidings is weekliks vanaf Dinsdae aanlyn op www.stellenberg.co.za.

## FEESMARK | 18 OKT. TOT 6 NOV.

Teen die agtergrond van inperkingsmaatreëls beplan die feesmarkkomitee om weer ’n mark soortgelyk aan die mark van verlede jaar aan te bied. Met aanpassings wat gemaak is in die uitleg van die feesmark, kan daar vanjaar 270 uitstallers teenoor die 180 uitstallers van verlede jaar geakkommodeer word. Die volgende aanpassings is gemaak om die bestaande ruimte beter te benut:

- Die restaurant, wat in die verlede in die markplein was, word deur vier kostrokke op die perseel vervang. Genoeg tafels en sitplekke sal onder tentafdakke ingeruim word, sodat besoekers hul etes gerieflik kan geniet.
- Die saalgedeelte en voorportaal van die kerk gaan ook tydens die feesmark as uitstalruimtes benut word. Lidmate sal vir twee Sondae die kerk vanaf die noordelike syingang (langs die kapel) betree wanneer eredienste bygewoon word. Eredienste word dan slegs in die kerkgedeelte van die gebou aangebied. ’n Buitelug-feesdiens word ook vir 31 Oktober beplan en dan sal die afdakke nuttig te pas kom.
- ’n Tonnel, saamgestel uit tente, sal die kerkkompleks met die saalkompleks verbind.

Die feesmark word vanjaar ook met een dag verleng.

Die feesmark is ’n belangrike geleentheid op ons jaarlikse kalender en die kerkraad is dankbaar om ten spyte van inperkingsmaatreëls tog daarmee voort te gaan. Ons het groot waardering vir lidmate se verdraagsaamheid rakende veranderinge op die kerkterrein in daardie tyd. Die feesmark het die gemeente oor jare heen in staat gestel om ’n derde van ons gemeente-inkomste na buite aan te wend en ons roeping ook sodoende uit te leef.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

23 Sept. 14:30

Jeremia 4: Die Here sê: “Kom regtig terug na My – of dra die gevolge!”

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE DEUR LERAARS

Luister na die daaglikse stemboodskappe, voorberei deur gemeenteleraars op www.stellenberg.co.za of op jou selfoon. Om die boodskappe daagliks op jou selfoon te ontvang, stuur ’n WhatsApp of ’n Telegramboodskap met jou naam+van+boodskap na 081 045 2428.

### BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 4 Oktober om 09:30 in die markplein bymekaar.

## TERUGVOER OOR FINANSIES

- Die **aangepaste begroting van 2020 tot 2021** is behou.
- Geen **nuwe aanstellings** word gemaak nie en slegs een predikant is beroep in die plek van die twee wat in 2022 aftree.
- Geen salarisverhogings is aan personeel in 2021 toegestaan nie.
- Die belangrikste bronne van inkomste is maandelikse dankoffers, Sondagkollektes, tiendemaandinsameling, feesmark en selfoontorings. Die onderstaande tabel dui die afgelope **ses** maande se dankoffers en bankkollektes aan.
- Feesmark: 'n Inkomste van R750 000 (dieselfde bedrag as wat verlede jaar deur die mark opgelewer is) is weer vir vanjaar se feesmark begroot.

| | Begroot | Werklik |
|---|---|---|
| Maart 2021 | R541 650 | R567 159 |
| April 2021 | R541 650 | R495 305 |
| Mei 2021 | R541 650 | R535 827 |
| Junie 2021 | R541 650 | R623 625 |
| Julie 2021 | R541 650 | R515 320 |
| Augustus 2021 | R541 650 | R532 688 |
| TOTAAL | R3 249 900 | R3 269 924 |

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer Is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.